



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## FEBRUARIE/MAART 2011

## NORTH WEST

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A | Kyk- en Leesbegrip | VRAAG 1 – 2 | 30 punte |
| AFDELING B | Opsomming | VRAAG 3 | 10 punte |
| AFDELING C | Taal | VRAAG 4 – 7 | 60 punte |
| AFDELING D | Letterkunde | VRAAG 8 –10 | 20 punte |

2. Lees die instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae.

# VIVA 2010



1. Waar in die wêreld is jy? Daar is mense – oud en jonk – wat geel, groen en wit brilrame en verskillende hoede dra. Op die stadions waai vlae en jy hoor die harde geraas van vuvuzelas ... dis 2010 en jy kan nét in Suid-Afrika wees.

2. Ja, dis die sokkerwêreldbeker soos net óns dit kan doen. Almal is vriendelik en deel alles met mekaar. In Sandton, waar die Bafana-Bafana bly, belowe die eienaar buite sy eetplek: "Gratis pizza vir die res van jou lewe as Bafana-Bafana die wêreldbeker wen." En sommer vir die lekkerte, kry elke gas ŉ bier as Italië of Bafana-Bafana ŉ doel skop.

3. Almal is skielik op pad iewers heen. As hulle nie self by ŉ stadion kan wees nie, kuier hulle iewers saam met toeskouers by ŉ grootskerm-TV.

4. Kaapstad word oornag ŉ bymekaarkomplek vir mense van alle lande. ŉ Saal in Seepunt het skielik ŉ "Little Brazil" geword, ŉ plek waar al die Brasiliane saam kuier.

5. Daar is baie sokker-items te koop: uit Kenia handsakke met sokkerballe op; Kersbome wat met sokkerballe mooi gemaak is; draadkarre met verskillende vlae en natuurlik daardie Afrika-sambreelhoede – *sundelas.* Ons Suid-Afrikaanse vuvuzela is ŉ internasionale treffer – duisende is verkoop!

6. In Newtown, Johannesburg, is daar groot foto's van die Bafana-Bafana teen die Nelson Mandela-brug geplak. Al die Suid-Afrikaners skreeu net vir een span: Bafana-Bafana! In Sandton is ŉ blink glasgebou waarin groot vlae en baie sokkerballe hang om darem ook al die ander lande se spanne tuis te laat voel.

Kopiereg voorbehou 

7. Tydens die hele toernooi was die veiligheid, die publieke vervoer, die blyplekke en kuierplekke op internasionale standaard. Die wêreld was baie beïndruk.

8. Bafana-Bafana het van die beste spanne gewen. FIFA was baie tevrede met die Suid-Afrikaanse toernooi. Buitelandse besoekers het ons mooi land geniet en wil weer kom kuier. Al het Bafana-Bafana nie die sokkertoernooi gewen nie, is Suid-Afrika en die Suid-Afrikaners wenners!

9. Nou, selfs lank na die toernooi, hang daar nog steeds orals vlae langs die pad waarop die volgende woorde verskyn:

"Wen of verloor, ons is trotse Suid-Afrikaners!"

[Verwerk uit: *Huisgenoot,* 17 Junie 2010]

1.1 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwood te kies.

Die titel van die leesstuk is gepas, omdat mense ...

A 2010 as 'n jaar sonder aksie beskou.
B min planne vir 2010 gehad het.
C 2010 nie maklik sal vergeet nie.
D nie meer in 2010 belangstel nie. (1)

1.2 Kies die KORREKTE woord.

Die artikel vertel van iets wat (verlede/voorverlede) jaar gebeur het. (1)

1.3 1.3.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Daar was nét jongmense by die sokkerwedstryde. (1)

1.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.3.1 deur DRIE OPEENVOLGENDE woorde uit paragraaf 1 neer te skryf. (1)

1.4 Sommige brilrame is groen, noem nog TWEE ander kleure. (2)

1.5 Watter instrument word gebruik om die Suid-Afrikaanse sokker-atmosfeer te skep? (1)

1.6 Voltooi die onderstaande sin.

Die pizzaseienaar sal vir almal gratis pizzas gee as ... . (1)

1.7 Skryf EEN WOORD uit paragraaf 2 neer wat sê dat die gaste nie vir die pizzas hoef te betaal nie. (1)

1.8 Vir watter TWEE lande ondersteun die eetplekeienaar? (2)

1.9 In watter Suid-Afrikaanse stad het verskillende lande se mense bymekaar gekom en lekker gekuier? (1)

1.10 Kies die antwoord uit KOLOM B om by die plekke in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (1.10.1 – 1.10.5) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.10.1 | Newtown | A | ʼn saal in Seepunt |
| 1.10.2 | "Little Brazil" | B | handsakke |
| 1.10.3 | Sandton | C | 2010 sokkerwêreldbeker |
| 1.10.4 | Kenia | D | ʼn brug met foto's |
| 1.10.5 | Suid-Afrika | E | ʼn glasgebou |
| | | F | ʼn grootskerm-TV |

(5 x 1) (5)

1.11 Hoe anders kon mense na die wedstryde kyk as hulle nie by die stadions was nie? (1)

1.12 Kies VIER KORREKTE redes waarom Suid-Afrikaners trots kan wees.

Skryf net die KORREKTE letters (A – F) neer.

A Bafana-Bafana het nie al hul wedstryde verloor nie.
B Die wedstryde kon slegs by die stadions gesien word.
C Die besoekers het gedink dat ons ʼn mooi land het.
D FIFA sê dat Suid-Afrika ʼn onsuksesvolle land was.
E Die buitelandse mense het lekker hier gekuier.
F Al die Suid-Afrikaners het saam Bafana-Bafana ondersteun. (4)

**[22]**

**VRAAG 2: ADVERTENSIE**

Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.




Gebruik ***QUIT SMOKING*** orals en enige tyd.
Dit sal jou help om op te hou rook.

***QUIT SMOKING*** **is nikotienvry.**
Dit bestaan uit **NATUURLIKE SUID-AFRIKAANSE KRUIE.**

**"Ek en my seun
het opgehou rook danksy
*Quit Smoking.*"**

**"Glo my, ons het alles
probeer en
*Quit Smoking*
werk regtig!"**

Mnr. A. Nel




* Beskikbaar by u naaste apteek of gesondheidswinkel.

***KOOP SUID-AFRIKAANS!***

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, Februarie 2009]

2.1 Noem EEN plek waar jy Q*uit Smoking* kan koop. (1)

2.2 Waarvan is *Quit Smoking* gemaak? (1)

2.3 Hoe het dié produk mnr. Nel en sy seun gehelp? (1)

2.4 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies

“Quit Smoking” is met groot letters geskryf, om ...

A die advertensie pragtig te maak.
B mnr. Nel se woorde te beklemtoon.
C die leser lus te maak vir rook.
D die leser se aandag te trek. (1)

2.5 In watter land word hierdie produk gemaak? (1)

2.6 Wanneer kan ’n mens ‘Quit Smoking’ gebruik? (1)

2.7 Skryf EEN woord neer wat bewys dat *Quit Smoking* sonder nikotien is. (1)

2.8 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies.

Hoe pas die prentjie van die sigaret wat doodgedruk word, by die produk?

Dit wys dat die produk ...


A rookvry is en oral gebruik kan word.
B mense help om op te hou rook.
C skadeloos kan wees.
D uit 100% kruie gemaak is. (1)
**[8]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 3: REIS VEILIG PER TAXI

- Som die WENKE oor hoe jy veilig per taxi kan reis, in JOU EIE SEWE VOLSINNE op.
- Moenie net die opskrif by elke nommer (bv. Wees betyds, Maak veiligheidsgordel vas, Sit stil, ens.) oorskryf nie.
- Jou opsomming moet 60 woorde wees.
- Die opsomming moet puntsgewys (1 – 7) opgesom word.
- Skryf die getal woorde onder aan die opsomming.



[Verwerk uit*: Huisgenoot,* 1 Oktober 2009]

## REIS VEILIG PER TAXI

**1. WEES BETYDS**

Taxi-bestuurders het baie mense wat hulle deur die dag oral moet oplaai. Hulle wag nie vir laatslapers nie. Sorg dat jy betyds by die staanplek is.

**2. KLIM VERSIGTIG IN**

Wag totdat die taxi heeltemal tot stilstand kom, voordat jy inklim. Jy kan omgery word of val as jy in 'n bewegende taxi probeer inklim. Taxi's trek gewoonlik vinnig weg.

**3. HANTEER BAGASIE VERSIGTIG**

Moenie jou bagasie op jou skoot hou nie. Daar is ruimte vir bagasie agter in die taxi. Laai jou bagasie daarin. Los bagasie kan jou beseer as die taxi vinnig stop.

**4. MAAK VEILIGHEIDSGORDEL VAS**

Maak jou veiligheidsgordel vas sodra jy sit. Die veiligheidsgordel sal jou beskerm as daar 'n ongeluk plaasvind.

**5. SIT STIL**

Moenie rondbeweeg terwyl die taxi ry nie. Dit kan 'n ongeluk veroorsaak. Baie mense is al so beseer.

**6. MOENIE UITHANG NIE**

Taxi's ry vinnig naby mekaar verby. As jy langs die venster sit, moet jy nie jou hande of arms by die venster uitsteek nie. Jy kan ernstig beseer word of 'n ongeluk veroorsaak.

**7. WEES GEDULDIG**

Wanneer die taxi stilhou, wil almal gewoonlik vinnig uitklim. Só kan mense maklik beseer raak. Wag vir ander mense om eerste uit te klim.

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 4: WOORDSTRUKTURE

Kyk na die prente en beantwoord die vrae.




[Uit: *Die Burger*, 8 Junie 2010]

- Volg die instruksies in die regterkantste kolom om die regte antwoorde in die linkerkantste kolom te gee.
- Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.
- Antwoorde op VRAAG 4.1 – 4.23 moet korrek gespel wees.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Zitts en sy (4.1 pa en ma) is 'n gelukkige | 4.1 | Gee EEN WOORD. | (1) |
| (4.2 gesin/familie) wat die mooi en rustige | 4.2 | Kies die KORREKTE antwoord. | (1) |
| (4.3 dorp+lewe) baie geniet. Zitts vra vir sy | 4.3 | Gee die KORREKTE samestelling. | (1) |
| pa om vir (4.4 hom/hy/haar) geld te gee. | 4.4 | Kies die KORREKTE voornaamwoord. | (1) |
| Hulle het 'n (4.5 goed/goeie) verhouding en hulle verstaan mekaar. | 4.5 | Kies die KORREKTE antwoord. | (1) |
| Sy pa het hom van (4.6 kleins/klein) af geleer hoe om slim en verantwoordelik te wees, | 4.6 | Kies die KORREKTE antwoord. | (1) |
| maar Zitts is (4.7 slim) as wat Pa gedink het. | 4.7 | Gee die KORREKTE trap van vergelyking. | (1) |
| Zitts en sy (4.8 maats) het besluit om 'n fliek te gaan kyk, maar hy het nie geld om | 4.8 | Gee die sinoniem. | (1) |
| (4.9 vir+dit) te betaal nie. Hy het dus besluit | 4.9 | Gee EEN WOORD. | (1) |
| om (4.10 elke week) iets te doen om sy sakgeld te verdien. | 4.10 | Gee EEN WOORD. | (1) |
| Toe Pa huis toe gekom het en (4.11 baie moeg) | 4.11 | Gee die intensiewe vorm. | (1) |
| (4.12 op/in/oor) die rusbank gaan lê het, het Zitts gevra of hy die kombi vir | 4.12 | Kies die KORREKTE voorsetsel. | (1) |
| (4.13 R50) kon was. | 4.13 | Skryf die bedrag in woorde. | (1) |
| Dit was nou al die (4.14 vierde/fierde) keer dat Zitts 'n plan beraam het om geld in die | 4.14 | Kies die KORREKTE antwoord. | (1) |
| hande (4.15 ...) kry. | 4.15 | Voltooi die infinitief. | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hy vra toe: "Pa, kan ek (4.16 asb.) betaal word om die kombi te was?" | 4.16 | Skryf die afkorting voluit. | (1) |
| Pa antwoord dat daar 'n klein (4.17 emmer) en baie (4.18 borsel) in die motorhuis is. Zitts dink dat dit 'n (4.19 sleg) plan is, want dit beteken dat hy die motor self moet was. | 4.17<br>4.18<br>4.19 | Gee die verkleiningsvorm.<br>Gee die meervoud.<br>Gee die KORREKTE vorm. | (1)<br>(1)<br>(1) |
| Zitts weet nie of hy die (4.20 dogters) in sy klas moet vra om hom te (4.21 help/hulp) nie. Nou probeer hy nog 'n (4.22 bietjie/bikkie) harder om meer geld in die hande te kry. | 4.20<br>4.21<br>4.22 | Gee die antoniem.<br>Kies die KORREKTE antwoord.<br>Kies die KORREKTE spelling. | (1)<br>(1)<br>(1) |
| Aikôna! Dis moeilik om sy pa om die (4.23 bos/baan) te lei. | 4.23 | Kies die KORREKTE antwoord om die idiomatiese uitdrukking te voltooi. | (1) |

**[23]**

## VRAAG 5: SINSTRUKTURE

Kyk na die prent en beantwoord die vrae.




[Uit: *Lig,* Mei 2008]

5.1 Skryf die sin in die verlede tyd.

Oom Daan-hulle beplan lank voor die tyd vir hierdie kuiery.
(Oom Daan-hulle ... lank voor die tyd vir hierdie kuiery ...) (2)

5.2 Skryf die sin in die teenwoordige tyd.

Hulle het baie vroeg die oggend vertrek.
(Hulle ... baie vroeg die oggend.) (1)

5.3 Skryf die sin in die toekomende tyd.

Die kinders is baie opgewonde oor die vakansie.
(Die kinders ... baie opgewonde oor die vakansie ...) (2)

5.4 Verbind die sinne met die woord tussen hakies.

Ma het die getoet van die motor gehoor. Sy loer by die venster uit. (daarom) (1)

5.5 Skryf die sin in die infinitief.

Ma is verbaas toe sy die Burger-gesin sien.
Begin so: Ma is verbaas om ... (1)

5.6 Skryf die sin in die lydende vorm.

Oom Daan bestuur die motor.
(Die motor ... Oom Daan ...) (2)

5.7 Skryf die sin in die ontkennende vorm.

Die Burger-gesin het iets vir Ma gebring.
(Die Burger-gesin het ... vir Ma gebring ...) (2)

5.8 Skryf 'n vraag neer waarvan die onderstreepte deel die antwoord sal wees.

Oom Daan-hulle is opgewonde oor die vakansie.
Begin so: Waaroor ... (2)

5.9 Voltooi die infinitief.

Ma moet al die smaaklike kos kook.
(Ma behoort al die smaaklike kos ...) (1)

5.10 Skryf die sin in die indirekte rede.

Klein Jafta vra: "Waar is die badkamer?"
(Klein Jafta vra waar ...) (1)

5.11 Skryf die sin met die KORREKTE woordorde oor.

Die kinders gaan haastig na die park toe elke oggend.
(Die kinders gaan ...) (3)

5.12 Skryf in die ontkennende vorm.

Daar is 'n bondel bagasie op die dak van die motor.
(Nee, daar is ... 'n bondel bagasie op die dak van die motor ... .) (2)

5.13 Kies die KORREKTE antwoord.


Die uitdrukking op Ma se gesig toe sy deur die venster loer, bewys dat sy ... is omdat daar mense kom kuier het.

A opgewonde
B bly
C verbaas
D tevrede (1)

**[21]**

**VRAAG 6: REDIGERING**

Kyk na die prent en beantwoord die vrae.




Eric wil saam met sy maats uitgaan en wil sy pa se motor gebruik.

[*Clip Art*]

Skryf die sinne korrek oor en onderstreep die fout(e) wat jy reggemaak het.

6.1 Verbeter die woordordefout.

Eric wil saam gaan met sy maats na die matriekpartytjie toe.
(Eric wil saam ...) (1)

6.2 Kies die KORREKTE voorsetsel.

Sy pa is bekommerd (vir/oor/met) die tyd wanneer Eric terugkom. (1)

6.3 Kies die KORREKTE antwoord.

Eric moet teen (tienuur/tien uur/tien-uur) huis toe kom. (1)

6.4 Verbeter die taalfout.

Hy hoef nie na Pa luister nie. (1)

6.5 Vul die ontbrekende leesteken in.

Hoe laat sien jy kans om huis toe te kom (1)

6.6 Gee die KORREKTE vorm.

Eric se <u>lank</u> hare pas mooi by die klere wat hy dra. (1)

6.7 Kies die KORREKTE antwoord.

Soms kan Pa soos 'n leeu (blaf/brul) as iemand sy motor wil gebruik. (1)

6.8 Verbeter die ontkenningsfout.

Eric sal nie die motor roekeloos bestuur. (1)

6.9 Kies die KORREKTE vergelyking.

Eric is altyd so koel soos 'n (koeldrank/komkommer) as sy pa met hom praat. (1)

6.10 Kies die regte voegwoord.

Eric is ongelukkig (omdat/want) hy 'n kwaai pa het. (1)

6.11 Kies die KORREKTE vertaling.

Eric is happy and he takes the keys.

Eric is ...

A bly en hy neem die sleutels.
B tevrede en neem hy die sleutels.
C bly en hy die sleutels neem.
D tevrede en die sleutels hy neem. (1)

**[11]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 7: KYK EN KOMMUNIKEER**

Lees die situasie en voer die opdrag uit.




[*Clip Art*]

7.1 SITUASIE: Molefi is besig met sy huiswerk. Die kinders blaas vuvuzelas net buite sy kamervenster. Hy is **kwaad**, maak sy ore toe en skree vir hulle om op te hou.

OPDRAG: Hoe sal Molefi **KWAAD** aan die kinders skree sodat hulle moet **OPHOU** om die vuvuzelas te blaas?

Voltooi die sin in ongeveer 5 – 10 woorde.

Molefi skree: "Ek probeer ... , hou ...!" (2)



[*Clip Art*]

7.2 SITUASIE: Thabang is 'n boelie. Hy is in graad 12 en hou daarvan om die graad 8-leerders te boelie. Die graad 8-leerder **PLEIT** dat Thabang sy **goed** (geld, selfoon, ens. ) nie moet vat nie.

OPDRAG: Wat sal dié graad 8-leerder aan Thabang sê?

Voltooi die sin in ongeveer 5 – 10 woorde.

Die graad 8-leerder sê: "Moet asseblief nie, ..." (2)

**EN**



[*Clip Art*]

7.3 SITUASIE: Die seun het gedink dat die meisie oor hom geskinder het. Hy was baie kwaad en toe bel hy haar. Na hulle lang telefoongesprek, besef hy dat hy verkeerd was. Nou vra hy om **verskoning.**

OPDRAG: Wat sal Odwa se woorde aan Hilda, die meisie, wees?

Kies die KORREKTE antwoord.

A Hilda, dit is nie my skuld nie.
B Hilda, ek gee nie om nie.
C Hilda, ek is baie jammer.
D Hilda, wil jy saamkom, asseblief? (1)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE VRAE.

VRAAG 8: *DIE TONGBLAAR* – Pirow Bekker
VRAAG 9: *DIE LAS* – Margaret Bakkes

Beantwoord EEN van die TWEE vrae.

***KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer***

### VRAAG 8: *DIE TONGBLAAR* – Pirow Bekker

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

> Nog vol stof kom hulle by die skool aan.
> Die eerste wat hulle raakloop, is Spikkels wat ook net haar fiets onder die sipresbome gebêre het. Toe is dit sulke tyd van Klaas: "Spikkels, ou Wyn is deur 'n rooiby geblits en hy is mos allergies vir bye. Rooibye is gevaarlike goed. Hoe lyk dit, gaan jy hom nie dokter nie?" Hy kan sweer hy hoor 'n rapsie spot in Klaas se stem.
> "Aag, ek sal sommer …" sê hy onnosel. Toe sien hy dat sy bloedrooi gebloos het sodat die semeltjies op haar neus verdwyn het. Maar die helderblou oë bly oop en reguit op hom gerig "... meneer Kachelhoffer vir 'n bietjie kondies ... e ... kaliumpermanganaat vra."
> Hy is skielik bly dat hy die wetenskaplike naam wat hulle pas gehoor het, onthou.

8.1 Van wie word daar in die eerste sin gepraat? Noem slegs die TWEE name. (2)

8.2 Wat het gebeur dat hulle nog vol stof by die skool aangekom het? Gee TWEE redes. (2)

8.3 Kies 'n naam uit KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (8.3.1 – 8.3.5) en die letter (A – E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 8.3.1 Die poon waarop Wynand ry | A Elsie |
| 8.3.2 Hy is die klaskaptein | B Klaas |
| 8.3.3 Wynand is op haar verlief | C Ou Katlagter |
| 8.3.4 Ry saam met Wynand op die fiets | D Janka |
| 8.3.5 Die wetenskaponderwyser | E Kontant |

(5 x 1) (5)

8.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Spikkels is …

A Elsie se bynaam.
B Wynand se bynaam.
C die hoof se bynaam.
D die adjunk-hoof se bynaam. (1)

8.5 8.5.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

Elsie het gedurende die vakansie gaan vrugte steel. (1)

8.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.5.1 uit die verhaal. (1)

8.6 8.6.1 Wat is die algemene naam vir kaliumpermanganaat? (1)

8.6.2 Waarvoor is kaliumpermanganaat goed? (1)

8.7 Tydens sy vakansie op die plaas, dink die hoofkarakter aanmekaar aan die meisie op wie hy verlief is.

8.7.1 Wat wil hy vir haar koop om sy liefde vir haar te wys? (1)

8.7.2 Waarmee en hoe wil hy die grootte van haar vinger probeer meet? (2)

8.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Toe Elsie die tongblaar sien, het sy gesê: "Dit lyk soos 'n … ."

A garingdraadjie.
B harpie.
C torinkie.
D kettinkie. (1)

8.9 Hoe voel die hoofkarakter op die eerste skooldag van die nuwe kwartaal? (1)

8.10 Hoekom voel hy so? (1)
**[20]**

**OF**

**VRAAG 9: *DIE LAS* – Margaret Bakkes**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Toe het Schalkie by die kamer uitgehardloop. Sy ma moes nie die trane sien nie. In sy kamer het hy vir die eerste keer gehuil. Rou, wanhopige snikke het deur hom geruk. Hy het die kopkussing oor sy kop gedruk. Niemand moes hom hoor nie. Sy pa was weg. Hy sou hom nooit weer sien nie … Sy hele wêreld was omver. Alles was eensklaps anders, omgekeer, sonder waarskuwing … . Hy het opgestaan. Voor die venster het hy ’n oomblik bly staan. Hy het die mooi blou-groen ghoen uit sy broeksak gehaal en dit ’n rukkie teen die lig gehou …
> Schalkie was op daardie oomblik nie meer ’n kind, ’n seuntjie nie. Hy het grootgeword.

9.1 Kies die KORREKTE woord(e). Skryf slegs die vraagnommer (9.1.1 – 9.1.2) en die KORREKTE woord(e) neer.

In die uittreksel word gesê dat Schalkie se pa “weg” is.

9.1.1 Dit beteken dat Schalkie se pa (a) (dood is/weggeloop het), want hy het ’n (b) (hartaanval/stryery) gehad. (2)

9.1.2 Die mooi groen-blou ghoen was nog in Schalkie se broeksak. Hy het dit by sy vriend (a) (Faans/Kallie) gewen en wou dit die aand vir sy (b) (onderwyser/pa) wys. (2)

9.2 Waarom wou Schalkie nie hê sy ma moet sy trane sien nie? Gee TWEE redes. (2)

9.3 Kies die antwoord uit KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (9.3.1 – 9.3.2) en die letter (A – D) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 9.3.1 Schalkie het dit op sy skouers geneem. | A dokter |
| | B dominee |
| 9.3.2 Hy het Schalkie se probleme verstaan. | C sonde |
| | D las |

(2 x 1) (2)

9.4 9.4.1 Wie het vir Schalkie in sy kamer kom kry nadat hy die eerste keer gehuil het? (1)

9.4.2 Waarheen het Schalkie en die persoon toe gegaan? (1)

9.5 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woorde langs die vraagnommer (9.5.1 – 9.5.3) en die KORREKTE woord(e) neer.

| baklei; gesels; gestap; gery; bekommerd; geïrriteerd |
|---|

Schalkie het gereeld twee keer per week gaan rugby speel en elke middag het sy ma hom by die huis se hekkie ingewag. Een middag was hy egter laat, want ná rugby het hy en sy vriend huis toe (9.5.1) ... en langs die pad gestaan en (9.5.2) ... . Sy ma was baie (9.5.3) ... en het gesê: "As jy ook iets moet oorkom!" (3)

9.6 9.6.1 Wie het by die skool agtergekom dat daar groot fout met Schalkie was? (1)

9.6.2 Hoe kon dié persoon sien dat Schalkie nie meer die gelukkige kind van vroeër was nie? Noem TWEE dinge. (2)

9.7 Kies die KORREKTE woord.
Skryf net die vraagnommer en die KORREKTE woord neer.

Nadat die onderwyser met Schalkie se ma gepraat het, het sy vir Schalkie toegelaat om saam met die onderwyser na plekke toe te gaan, totdat sy eendag besluit het om by haar 9.7.1 (suster/ouers) te gaan bly. Dit het ook beteken dat Schalkie na 'n ander 9.7.2 (skool/koshuis) moes gaan. (2)

9.8 Aan die einde van die verhaal het Schalkie se onderwyser aan hom en sy ma TWEE dinge gesê wat hom baie bly gemaak het. Noem EEN ding. (1)

9.9 Watter bewys is daar dat Schalkie sy onderwyser as sy "nuwe pa" aanvaar het? (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou